SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSUNIE
SOUTH AFRICAN TEACHERS' UNION

Oos-Kaap / Eastern Cape

SAOU

E-Nuus / E-News 38/2015

16/10/2015

☎ 041 3640 500 / 041 364 0501 🖷 041 364 0510 ✉ saouok@saou.co.za 🌐 www.saou.co.za

STERKTE VIR DIE 4DE KWARTAAL

Die laaste kwartaal van 2015 is volspoed aan die gang en ek is deeglik bewus van die uitdagings wat dit aan hoofde, bestuurspanne en personeel stel. Bekommernis oor volgende jaar se postevoorsiening hang soos 'n donker wolk oor ons, want dit affekteer skole se beplanning en begrotings vir 2016. Dieselfde geld vir talle, soms onvoorsiene, uitdagings. Ten spyte van die donker wolke bly ons positief en berei vraestelle voor en die laaste afronding word met leerders gedoen voordat die finale eksamens afgelê word.

Ons bly trots op 'n SAOU-onderwyskorps wat, ten spyte van hierdie uitdagende tye, steeds streef na die beste belang van die kind. Dit is onderwysers wat daagliks onverpoosd voortgaan met hul dagtaak en 'n verskil maak in die lewe van elke kind in die skool. Ek het hoë agting vir sulke personeel en wil graag elke onnie gelukwens met hierdie hoë standaarde en hul aanmoedig om voluit te werk tot ons klaar is met die verpligtinge van hierdie jaar. Baie sterkte vir die kwartaal.

Jan Stroebel (Voorsitter)

GOOD LUCK FOR THE 4TH TERM

The last term of 2015 is already moving full steam ahead and I am thoroughly aware of the challenges that it brings to principals, management teams and personnel. The post provisioning for 2016 is of great concern to all of us as this may hinder the process of proper planning and budgets for next year. Added to this are also unforeseen challenges that may lie ahead for 2016. In spite of this we remain positive and prepare exam papers and prepare the learners for the final exams.

We remain proud of the SAOU teachers, who in the face of all these challenges, still strive to work in the interest of the children. They remain committed to their daily tasks to make a difference in the lives of their learners. I hold the highest regard for those teachers and want to congratulate them with their high standards and levels of education. I wish them only the best for this last term of 2015.

Jan Stroebel (Chairperson)

PROVINSIALE UITVOERENDE RAAD PORT ELIZABETH-KRING

Die SAOU wil graag mnr. Mauritz de Vries gelukwens met sy verkiesing as lid van die SAOU (Oos-Kaap) se Provinsiale Uitvoerende Raad. Hy sal Kring 1: Port Elizabeth verteenwoordig. Hy neem oor by mnr. James Hay wat aan die einde van 2015 aftree. Mnr. De Vries sal vanaf Januarie 2016 op die Provinsiale Uitvoerende Raad dien.

PROVINCIAL EXECUTIVE COUNCIL PORT ELIZABETH CIRCUIT

The SAOU would like to congratulate Mr Mauritz de Vries who has been elected as a Member of the Provincial Executive Council of the SAOU (Eastern Cape). He will represent Circuit 1: Port Elizabeth. He will be taking over from Mr James Hay who will retire at the end of 2015. Mr De Vries will serve on the Provincial Executive Council from January 2016.